# Braunvieh SA Fooie
# Julie 2015 tot Junie 2016
***Alle fooie is BTW UITGESLUIT***

1. **Intreegelde:**
   Daar is geen intreegelde betaalbaar met aansluiting as ‘n lid nie

2. **Jaarlikse subskripsie:**
   **a.** Vir aktiewe lid – R600.00
   **b.** Vir subskripsie/ kommersiële lid – R125.00

3. **Kuddegeld**
   Kuddegeld sal betaalbaar wees op alle diere op 1 Julie 2015 van elke jaar volgens die heffingslys van Stamboek (R79-00 per dier). Indien heffings voor 31 Julie 2015 betaal word is ‘n afslag van 10% geldig.

4. **Kansellasie van diere**
   Die dokument van gekanseleerde diere moet die Kantoor jaarliks voor 31 Julie 2015 bereik. Indien die aansoeke om kansellasie na 31 Julie 2015 ontvang word, sal kuddegelde vir die jaar betaalbaar wees afgesien van die datum van kanselasie.

5. **Nuwe lede:**
   Lede wat gedurende die lopende jaar van die Genootskap aansluit sal met aansoek om lidmaatskap die supskripsie van die Genootskap en Stamboek se fooie; betaalbaar met aansluiting; betaal.

   Kuddegelde sal op diere in aansoeker se besit, soos met aansluiting, gehef word.

6. **Sertifikate of rekord van teling:**
   **a.** Herstelkoste van gekanselleerde sertifikate – R150-00 plus kuddegelde vir betrokke jaar van herstel.

7. **Oordragte**
   **a.** Oordragte R79.00 per dier
   **b.** Geen oordragte op ‘n kalf onder 6 maande wat saam met die moeder verkoop word nie

8. **Boetes**
   Laat kennisgewings op geboortes na 90 dae ontvang, is R10.00 (let wel – geen boete op NFR)

9. **Inspeksiefooi**
   Inspeksiefooi is R250-00 per dag, plus R2-50 per kilometer vanaf keurder se tuiste en terug. Dieselfde fooie geld waar diere vir opname in Hulpstamboek A gekeur word.

10. **Agterstallige rekenings:**
    Ingevolge klousule 5.4 sal alle rekenings wat nie binne 90 dae na versending van die rekening vereffen is nie, met 1.5% rente per maand aangepas word.

11. **Benoemingsfooi**
    Die fooie vir die registrasie van ‘n stoetnaam (voorvoegsel) sal die fooi wees wat deur Stamboek gehef word. Stamboekfooie aangeheg.

12. **Voorsiening van geboortekennisgewingboeke:**
R50-00 per boek plus posgeld wat tans R35-00 beloop.

13. **Handleiding vir Stoetelers**
R100-00 per boek plus posgeld wat tans R35-00 beloop

14. **Jaarlikse Bemarkingsfooi – R13.00 per dier per jaar.**